# Kleinmond-seestap 2022

| ROETE: | Kuslangs na Palmietrivier en terug | DATUM: | 8 Januarie 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

8 Van ons kom lekker vroeg die oggend by Kleinmond se strand bymekaar. Ons is bietjie bekommered oor die weer, want dis bietjie koud en lyk reënerig. Ons handel egter die admin af en pak die roete aan. Ons stap al seelangs, verby die hawe, tot amper by die mond van die Palmiet rivier. Hier draai ons binneland en stap al met die oewer van die rivier langs tot by die R44 se brug. Dit begin al lekker warm word en ons soek vir ons 'n gaatjie langs die rivier. Van ons klim in die water om 'n bietjie af te koel. Nadat meeste van ons 'n bietjie afgekoel het pak ons die res van die roete aan, aan die oorkantste oewer van die rivier. Ons stap tot by mond waar ons deur die diep water moet loop om tot op die strand te kom. Ons soek vir ons 'n gaatjie op die sand en van ons druk ons voete in die seewater. Dis egter yskoud en swem is nie 'n opsie nie. Hierna pak ons toe dieselfde roete terug aan tot by Kleinmond se strand. Ons stop egter lekker halfpad by die hawe vir 'n koeldrank of roomys. Klimhoogte: 61m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2022014 | R 5 | 14 | |
| Louis Nel | 2022034 | R 5 | 14 | |
| Beulagh Keulder | 2022021 | R 5 | 14 | |
| Amanda Matthee | 2022015 | R 5 | 14 | |
| Elsie Swart | 2022031 | R 5 | 14 | |
| Christa Wagener | n/a | R 10 | 14 | |
| Danie Pienaar | 2022055 | R 5 | 14 | |
| Susan Pienaar | 2022056 | R 5 | 14 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 45** | **112** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Nie geneem |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Werner Dalziel |
|---|---|